

Advertensieborde Hoërskool Die Wilgers

Hoërskool Die Wilgers is 'n Afrikaanse, Christelike skool wat in 1983 geopen is. Dit is dié skool van keuse wat die volgende woongebiede bedien: Die Wilgers, Murrayfield, Meyerspark, Equestria, Faerie Glen, Wapadrand, Olympus, Lynnwood, Silver Lakes, Silverton en Eersterust.

Ongeveer 60 000 persone besoek die skool jaarliks tydens atletiek-, rugby-, hokkie-, netbal-, krieket-, tennis- en sagtebalbyeenkomste. Sosiale geleenthede soos die fees- en kaskardag trek ook baie besoekers na die skool. Hoërskool Die Wilgers is 'n ware gemeenskapsentrum wat goed deur die publiek ondersteun word.

Ons bied aan u die uitstekende geleentheid om betrokke te raak by die finansiële ondersteuning van die skool deur u besigheid op advertensieborde by die skool te bemark. Sodoende kan u ook 'n waardevolle bydra lewer tot die verwesenliking van die skool se strewe na voortreflike akademiese onderrig, toegewyde sportafrigting en deelname, opwindende kultuurbelewensisse en uitsonderlike dissipline.

Die sportfasiliteite waar advertensieborde opgerig kan word, sluit in die rugby-, atletiek en netbalstadion, asook die krieket-, hokkie- en sagtebalvelde en tennisbane. Verder is daar die geleentheid om op die suidelike grenslyn (Frankweg-hoofingang) en die noordelike grenslyn (Spitskopweg) te adverteer. Die voordeel van grenslynadvertensies is dat die advertensieborde op 'n daaglikse basis aan verbygaande verkeer blootgestel is.

Die kostes verbonde aan die advertensieborde is as volg:

Tipe Advertensiebord	1 jaar	2 jaar	3 jaar	Totale bedrag
a) Standaard grootte 2 450m x 1 200m	R5 000	R3 500	R3 000	R11 500
b) Groter as 2 450m x 1 200m	R12 000	R10 000	R8 000	R30 000
c) Ligpaaladvertensieborde	R20 000	R15 000	R10 000	R45 000

- 1) Die termyn van die plasing van die advertensieborde beloop 3 jaar.
- 2) Die volle koste van die advertensiebord is by aanvang van die advertensietydperk betaalbaar, in die volgende rekening: **Hoërskool Die Wilgers, ABSA Spaar, Takkode 632 005, Reknr. 1630 390 199, verwysing: Advertensiebord, naam en van.**
- 3) Die vervaardigingskoste, oprigting en onderhoud van die advertensiebord sal die adverteerder se verantwoordelikheid wees.
- 4) Die borde mag van enige materiaal gemaak wees.
- 5) Die agtergrond, aard, kleur, bewoording, ens. bly die adverteerder se keuse, binne die aanvaarbare waardes en norme van die skool en gemeenskap.

Indien u sou belangstel om van hierdie aanbod gebruik te maak, voltooi en onderteken asb. die aangehegte ooreenkoms en stuur so spoedig moontlik terug na die skoolkantoor. Ons dank u byvoorbaat vir u ondersteuning.

Vriendelike groete,

Mnr. B. De Vos
Hoof

MEMORANDUM VAN OOREENKOMS

Aangegaan tussen

Hoërskool Die Wilgers

(hierna verwys as die Skool)

en

(hierna verwys as die Adverteerder)

Nademaal die Adverteerder begerig is om 'n advertensiebord op die gronde van die Skool op te rig, en die Skool begerig is om sodanige advertensieborde op die terrein aan te bring en te vertoon, kom die partye nou as volg ooreen:

1. DEFINISIES

1.1 “**Gronde**” beteken die areas om en insluitende die fisiese areas van die skool se rugbyvelde, atletiekbaan, hokkie-, sagtebal- en krieketvelde, tennisbane en netbalbane in, asook alle buite- en binnegrense, hetsy geboude mure, palisades en/of draadgrense by, langs of op die skoolterrein, insluitende die suidelike grenslyn (Frankweg-hoofingang) en die noordelike grenslyn (Spitkopweg).

2. TERMYN

2.1 Die termyn vir die plasing van 'n advertensiebordeloo 3 (DRIE) jaar, welke termyn 'n aanvang neem by die ondertekening van hierdie ooreenkoms.

3. KOSTE VAN ADVERTENSIEBORDE

3.1 Advertensiebordeloo word in die volgende kategorieë aangebied:

Tipe Advertensiebord	1 jaar	2 jaar	3 jaar	Totale Bedrag
3.1.1 Standaard grootte 2 450m x 1 200m	R5 000	R3 500	R3 000	R11 500
3.1.2 Groter as 2 450m x 1 200m	R12 000	R10 000	R8 000	R30 000
3.1.3 Ligpaaladvertensiebordeloo teen die spreiligte langs die rugbyveld	R20 000	R15 000	R10 000	R45 000

3.2 Die Adverteerder kies om die volgende advertensiebord op die gronde van die Skool op te rig:

Tipe: _____ Area: _____ teen 'n koste van R_____ .

3.3 Die volle koste van die advertensiebordeloo is by aanvang van die advertensietydperk betaalbaar.

4. HERNUWING EN TERMINERING

4.1 Indien die Adverteerder na die aanvanklike termyn van drie jaar die termyn vir 'n verdere termyn van drie jaar wil verleng, kom die partye ooreen dat 'n hernuwingskontrak tussen die partye opgestel sal word.

4.2 Die Skool het die reg om die kontrak te terminier indien die Adverteerder in gebreke bly om die betaling binne 7 (SEWE) dae na die ondertekening van die ooreenkoms in die aangeduide rekening van die Skool in te betaal.

5. VERPLIGTINGE VAN DIE ADVERTEERDER

5.1 Die Adverteerder onderneem om die voorgeskrewe betalings in terme van hierdie ooreenkoms in die rekening van die Skool in te betaal.

- 5.2 Die vervaardigingskoste, oprigting en onderhoud van die advertensiebord sal die adverteerder se verantwoordelikheid wees.
- 5.3 Die borde mag van enige materiaal gemaak wees.
- 5.4 Die agtergrond, aard, kleur, bewoording, ens. bly die adverteerder se keuse. Dit is egter belangrik dat al bogenoemde binne die aanvaarbare waardes en norme van die skool en die gemeenskap sal wees.
- 5.5 Voor druk en oprigting moet die adverteerder finale goedkeuring by die skool kry oor die uitleg van die bord.

6. VERPLIGTINGE VAN DIE SKOOL

- 6.1 Die skool onderneem om die advertensiebord in stand te hou insover algemene onderhoud betref, dit wil sê om die advertensiebord skoon te hou. Hierdie verpligting sluit egter enige skade aan die advertensiebord weens natuurlike oorsake, soos erge wind en brand sowel as vandalisme uit.

7. BANKBESONDERHEDE VAN DIE SKOOL

- 7.1 Alle betalings word direk deur die Adverteerder in die bankrekening van die Skool gedoen en die Adverteerder se naam word met die deposito as verwysing aangedui. Die bankbesonderhede is as volg:

Rekeninghouer : Hoërskool Die Wilgers
 Bank : ABSA Tjekrekening
 Takkode : 632 005
 Rekeningnommer : 1630 390 199
 Verwysing : Advertensiebord, naam en van

8. DISPUUT

- 8.1 Die partye verbind hulle tot alternatiewe geskilbeslegting in die vorm van konsiliasie en/of arbitrasie voor 'n prokureur of advokaat met ten minste 10 jaar ondervinding, wat uit die gemeenskap afkomstig is en waartoe die partye ooreenkom. Indien die partye nie kan ooreenkom oor 'n prokureur of advokaat soos hierbo genoem nie, sal die aangeleentheid na die Prokureursorde van die Noordelike Provinsie verwys word om 'n geskikte prokureur of advokaat aan te wys. Die partye kom ooreen dat hulle die aanwysing van gemelde Prokureursorde sal aanvaar.
- 8.2 Die aangewese prokureur of advokaat sal die geskil met die minimum formaliteite en op grond van billikheidsoorwegings besleg. Sy/haar besluit sal bindend en finaal wees en mag 'n bevel van enige bevoegde hof gemaak word.

9. DOMISILIE

Die partye kies die volgende adresse, telefoon- en faksnummers vir doeleindes van enige kennisgewings of geskilverklarings:

Die Skool : Naam : Hoërskool Die Wilgers
 Straatadres : FRANKWEG 8, DIE WILGERS
 Posadres : POSBUS 72648, LYNNWOODRIF, 0040
 Telefoon : 012 807 5229
 Faks : 012 807 2693
 E pos : bemarking@hswilgers.co.za

Die Adverteerder : Naam : _____
Straatadres : _____
Posadres : _____
Telefoon : _____
Faks : _____
E pos : _____

10. **WYSIGINGS**

10.1 Geen wysigings aan hierdie ooreenkoms, met alle aanhangsels wat deel van die hoofdokument uitmaak, sal geldig wees indien dit nie op skrif bevestig en aldus deur beide partye aanvaar en onderteken is nie.

GETEKEN TE _____ OP HIERDIE DIE _____ DAG VAN _____ 20____ .

Getuies

Namens die Skool
(en behoorlik gemagtig daartoe)

GETEKEN TE _____ OP HIERDIE DIE _____ DAG VAN _____ 20____ .

Getuies

Namens die Adverteerder
(en behoorlik gemagtig daartoe)